

# Lekkerbekkie Nuusbrief

14 JANUARIE 2015 | UITGAWE 83



## Inhoud:

- \* Kinderstorie: Klaasvakie se glipsie (deur Corlie Putter)
- \* Produk van die week: Professor Dikkeldoor CD
- \* Inkleurprentjie: Klaasvakie se glipsie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Klaasvakie se glipsie deur Corlie Putter

Die tandemuis kuier by Klaasvakie. Hulle is beste maatjies! Klaasvaie het vir hulle tee gemaak.

"Kan ek die suiker kry asseblief?" vra die tandemuis. Sy is dol oor soetgoed. Maar omdat Klaasvakie nie sy bril op het nie, skep hy per ongeluk vir hulle elkeen 'n groot lepel slaapsandjies in! Hulle drink hulle tee, maar kort daarna begin die tweetjies lekker te gaap!

"Hoekom voel ek so vaak?" vra die tandemuis.

"Ek verstaan dit glad nie," antwoord Klaasvakie en vryf sy ogies.

"Toemaar na hierdie lekker tee, sal ons sommer weer op en wakker voel," sê die tandemuis, en drink al haar op. Dan sit sy haar koppie neer, vee haar snorbaardjies af en val vooroor - vas aan die slaap!

"Tandemuis!" roep Klaasvakie verskrik, maar voor hy verder kan praat, raak hy net daar op die vloer aan die slaap! Die twee snork te lekker terwyl die son sak. 'n Miertjie wat in Klaasvakie se kombuis woon, hoor die snorkgeluide en loer nuuskierig by sy gaatjie uit.

"Wat gaan hier aan?" roep die miertjie nou benoud. Klaasvakie en die tandemuis moet gaan werk! Hulle kan nie lê en slaap nie! Hy probeer hulle wakker skud, maar hy is te klein! Hy sal vinnig 'n ander plan moet maak! Hy probeer Klaasvakie wakker kielie met die punt van die tandemuis se stert, maar dit werk nie. Hy trek die tandemuis se snorbaarde. "EINA!" roep die tandemuis, en vryf haar snoet. Maar sy word nie wakker nie. Die miertjie hop vinnig tussen die tandemuis se pootjies deur, maar daar maak sy haar pootjie toe met die miertjie daarin! Sy slaap verder. Die miertjie is nou vasgekeer! Daar bly net een ding oor om te doen. "Jammer, Tandemuis..." fluister hy en knyp haar saggies.

"EINAAA!" roep die tandemuis en skud haar pootjie. Die miertjie trek met 'n boog deur die lug en land binne in Klaasvakie se oor! Nou is die tandemuis wakker en sy kyk rond. "O gaats, ek is laat vir werk!" roep sy en hardloop vinnig by die deur uit.

Die miertjie skop met sy ses pootjies daar in Klaasvakie se oor, en skreeu so hard as wat hy kan: "WORD WAKKER, KLAASVAKIE, WORD WAKKER!"

Klaasvakie spring regop. Die miertjie val uit sy oor, en land op die vloer. Klaasvakie gryp sy bril en slaapsandjies en roep: "Nou ja, laat ek gaan werk!"

Die arme miertjie is nou baie moeg en dors van die harde werk. Hy sien die tee. "Aha!" sê hy, en drink die laaste bietjie tee op. En raai? Daar raak die miertjie ook vas aan die slaap!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!  
**Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

**Produkt van die week**

## Stories oor die verstrooide Professor Dikkeldoor...


Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

**Professor Dikkeldoor hou van interessante dinge. Toe hy op 'n dag 'n wonderlike winskopie by die markie raakloop, koop hy dit dadelik. Maar, dis nie 'n gewone winskopie nie. En daar beland Professor Dikkeldoor, Piket die kraai, en Alexander die seuntjie toe heel per ongeluk in 'n baie groot avontuur!**

**Koop jou “PROFESSOR DIKKELDOOR” storie-CD met vier lekkerluister stories voorgelees deur Anrich Herbsts, hierdie week vir slegs R85 (geldig tot 19 Jan by enige AnnaEmm agent). Of kry dit teen die normale prys (R95) by 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)**

# Nuwe kinderstories!

**Vier lekkerluister-stories oor die vertrooide Professor Dikkeldoor...  
voorgelees deur Anrich Herbst**



Professor Dikkeldoor hou van interessante dinge. Toe hy 'n winskopie by 'n markie raakloop, koop hy dit dadelik. En so beland hy en die seuntjie, Alexander, per ongeluk in 'n baie groot avontuur...

**Spesiale aanbod:  
Koop “Professor Dikkeldoor”  
hierdie week @ slegs R85!**

Normale prys R95  
Aanbod geldig tot 19 Jan 2015

**annaemm**  
kinderstories

**Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

# Klaasvakie se glipsie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)